TJOKKIE-brokkies!

Uitgawe: 6/1/2017 **Datum: 16 Feb 2017**

Uit die kantoor:

Reën, lieflike reën

Is dit nie wonderlik om die groen tuine en velde te sien nie. Selfs ons rugbyveld is besig om mooi te herstel. Dankie Heer vir die groot pasella!

Sleutelbeheer

Deur die jare het heelwat buite-afrigters en ouers sleutels van die hekke bekom, soveel so dat dit onbeheerbaar geraak het. Die Beheerliggaam is in die proses om nuwe riglyne daar te stel ter wille van kontrole en goeie bestuur van ons fasiliteite. Alle hekslotte sal ook eersdaags verander en die nuwe maatreëls sal te gelegenertyd bekend gemaak word.

Huiswerkpolemiek

Daar is tans heelwat hieroor te sê in die pers en sosiale media. Tjokkies het ook al hieroor gedebateer en is nie heeltemal oortuig dat daar heeltemal weggedoen moet word met tuiswerk nie. As u enigsins wil weet hoe dit in u kind se graad werk, skakel gerus met die klasonderwyser. Ons beoog ook om op 'n stadium 'n ouervergadering in die verband te hou en ouers deeglik in te lig.

BELANGRIKE DATUMS

16 Feb: 0/13 krieketliga as die weer dit toelaat.

17 Feb: Fichardtpark Atletiek-byeenkoms. Atlete het die reëlings gekry.

Graad 7 spanbou in die skoolsaal.

20 Feb: 0/9 Krieketliga en 0/13 skool hokkieproewe. Spelers het inligting gekry.

21 Feb: 0/11 Krieketliga

23 Feb: 0/13 Krieketliga

Finansiële- en Beheerliggaam-vergadering. Ouers is welkom om voorstelle en/of versoeke in te dien vir oorweging. Skakel die kantoor of een van die BL lede.

24 Feb: Voortrekkers – 3 spanne neem deel aan die Aksiekrieket te Tempe. Brief met finale reëlings sal uitgedeel word.

Die sluitingsdatum vir die Voortrekker Spesialisasiedag is 22 Februarie.

TELEFOONNOMMERS

Stoor asb die volgende selnommers op u foon, dit is die skool se uitbelnommers en sal op u foon verskyn wanneer u 'n oproep ontvang:

081 267 7816 en 081 431 4846

Ons sukkel soms om ouers dringend in die hande te kry, omdat hulle nie "vreemde" nommers antwoord nie.

VERJAARSDAE

19 Feb: Juf Jomy Lombaard (KS) verjaar

NETBALPROEWE

Netbalproewe vir Dogters 0/10 vind op 20, 22 en 23 Februarie om 14:00-15:00 plaas.

Trek tekkies aan en bring bal, water en sonroom saam.
Navrae: Juf Natasha en Juf Elzanne.

TENNIS

Daar sal van volgende week af elke Woensdagoggend van 6:30 – 07:15 'n ekstra oefening by die skoolbane wees vir alle liga-spelers wat gewoonlik by Muddplein oefen.



Maandag 27 Februarie en Dinsdag 28 Februarie 2017 is daar ‘n **boekuitstalling** in die saal!
Moet dit nie misloop nie!

Boeke, boeke, boeke!

Hoe meer jy lees, hoe meer sal jy weet.
Hoe meer jy leer, hoe meer sal jy bereik.

Tjokkie Bal

(Aangebied deur die Kleuterskool)

Datum: 24 Maart 2017
Tyd: 18:30
Plek: Bloemfontein Stadsaal
Koste: R500.00 per paar
Tema: “Enchanted Forest”

Nooi al jou vriende, bespreek ‘n tafel en kom geniet ‘n aand van lekker eet en dans in ‘n betowerde woud!
Enkel-paartjies kan by tafels geplaas word.

Kaartjies vanaf Maandag by Juffrou Blanche en die Sosiale Komitee van die Kleuterskool beskikbaar.

GESOEK

As iemand weet waar die skool “Crazy paving” steentjies kan koop of iemand ken wat dit lê, laat weet asb die kantoor by 051-522 1371.

MUSIEK

Alle lesgelde vir die eerste kwartaal is asb onmiddellik betaalbaar tensy u ‘n reëling getref het met die onderwyseresse.

Klavier: R1 000 per kwartaal

Klawerbord: R500 per kwartaal

Blokfluit: R490 per kwartaal

Kitaar:
R490 per kwartaal (een les per week) / R650 per kwartaal (2 lesse per week)

Slegs teorie: R500 per kwartaal

SKOOLFONDS:

Een paaiement van **R8470** indien u voor 3 Maart 2017 betaal (R660 korting).

Skoolgeld is betaalbaar voor of op die 7de van elke maand.

Per debietorder (tydperk Febr. - Des.):
Skoolgeld: R770 p.m.
Middagstudie: R240 p.m.

Indien u op enige ander wyse betaal (tydperk Febr. - Des.):
Skoolgeld R830 p.m.
Middagstudie R660 per kwartaal vooruitbetaalbaar.

Dit is belangrik dat u in al bogenoemde opsies u kind(ers) se name en skoolrekening-nommer vermeld. Skakel die kantoor vir u kind se rekeningnommer.

Maak asb seker dat u in elke geval die korrekte bedrag betaal - foutiewe bedrae bemoeilik die allokering en verwerking van betalings op die skoolrekening.

SNUFFELS

Tjokkie-mamma soek dringend werk. Ondervinding in ontvangs, sekretarieel, boekhou tot en met proefbalans. Skakel asb die kantoor as u weet van iets.

Ruim en netjiese 3 slaapkamer, 2 badkamer meenthuis te huur in Gardeniapark. Drie lugversorgers, elektriese motorhuis, koopkrag en koopwater. R6 500 per maand. Beskikbaar 1 Maart 2017. Skakel 076 290 2956.

Smartschool ekstra klasse
Ons bied Middagstudie en wiskunde ekstra klasse aan. Die klasse word deur ‘n gekwalifiseerde juffrou, wat persoonlike aandag aan elke kind gee, aangebied. Graad 1 – 12 welkom. Ontspanne en selfmotiverende atmosfeer. Kontak Nelmarie by: 072 589 8069

OPPAS VAN HONDJIES
Huisatmosfeer
*Liefde in oorvloed
*Slaap op beddens
*U woefkind is my getuienis van hoe gekuier het!
Kontak my gerus: Surette van Niekerk, Langenhovenpark, Tel.: 076 803 2666

Suiwer Heuning
Plaas nou bestelling by Mnr. Nicolaas.
R45/500g
083 631 5824